SA BASS BASSIN' KIDS GEDRAGSKODE:

GEDRAGSKODE ONDERNEMING:

Weens die unieke samestelling van die Bassing Kids kampe, d.i. die feit dat die kinders almal as individue die kampe bywoon en nie as deel van 'n georganiseerde groep kom kamp nie, is ons genoodsaak om die volgende reëls streng toe te pas ten einde te verseker dat daar ten alle tye gesonde gedissiplineerde omstandighede geskep word waar elke kind as individu gerespekteer en hanteer kan word en ook hom- of haarself te kan uitleef. Dit is ook bevorderlik tot die veilige verloop van alle aktiwiteite.

DIE VOLGENDE REËLS IS VAN TOEPASSING:

1. Geen alkoholiese verversings, sigarette, dwelmmiddels, pornografiese materiaal, wapens, skadelike skerp voorwerpe of enige derge - like skadelike voorwerpe is toelaatbaar op die kampterrein of in die besit van enige kampganger nie. Indien sodanige items op 'n kampganger se persoon of in sy besit gevind word, sal sodanige kampganger se ouers geskakel word om hom/haar onmiddelik by ons naaste polisiestasie te kom afhaal.

2. Geen seksuele aktiwiteite sal toegelaat word tussen mede-kampgangers nie. Sodanige gedrag sal daartoe lei dat beide skuldige kamp - gangers se ouers onmiddelik gekontak word om hulle by ons naaste polisiestasie te kom afhaal.

3. Geen diefstal van ander kampgangers se besittings sal geduld word nie. Vir hierdie rede word alle selfone en sakgeld met aankoms ingeneem en in veilige bewaring geplaas tot die laaste dag van die kamp.

4. Geen meisies sal in seuns se kamers en badkamers of seuns in meisies se kamers en badkamers toegelaat word nie.

5. Kampgangers sal gehoor gee aan alle instruksies wat deur die eienaar of fasiliteerders aan hom/haar gegee word, met betrekking tot enige reëls of reëlings wat die veiligheid en georganiseerde verloop van die kamp sal verseker.

6. Geen swak of minagtende gedrag teenoor die kamporganiseerders, enige werknemers van SA BASS of mede-kampgangers sal geduld word nie. Kampgangers sal ten alle tye met respek optree teenoor SA BASS personeel en mede-kampeerders.

7. Geen vuil- of gekruide taal teenoor enige persoon, hetsy SA BASS personeel of mede-kampgangers, sal geduld word nie.

8. Geen diskriminasie tov kultuur, agtergrond, sosiale stand, ouderdom, fisiese vermoëns, of enige dergelike afbrekende, negatiewe of intimiderende uitlatings of gedrag teenoor mede-kampgangers sal geduld word nie.

9. Geen kampgangers word toegelaat om na ligte uit saans, buite rond te loop nie. Daar is wilde diere wat snags in en om die kamp loop. SA BASS kan nie verantwoordelik gehou word vir enige beserings wat sodoende opgedoen word nie.

10. Kampgangers sal ten alle tye alle SA BASS toerusting en meublement met respek hanteer. Enige skade berokken aan SA BASS eiendom, sal vir die kampganger se rekening wees. Geen tandepaste of skeerroom mag binne geboue gesmeer word nie.

11. SA BASS versoek asb dat alle kampgangers tydens maaltye, ordelik en rustig sal verkeer. Geen kosgevegte sal geduld word nie.

Gevolge van oortreding van reëls nr. 1 - 3- Ouers word onmiddelik na eerste oortreding gekontak om kampganger by ons naaste polisi - estasie te kom afhaal. Volle kampfooie word verbeur. Na gelang van die ernstigheid van die oortreding, mag toekomtige toegang tot Boskoors geweier word Gevolge van oortreding van reëls nr. 4 – 11 - Kampganger ontvang 2 mondelingse waarskuwings. Na die 3de oortreding, word die kampganger se ouers gekontak om kampganger by ons naaste polisiestasie te kom afhaal. Volle kampfooie word verbeur. Na gelang van die ernstigheid van die oortreding, mag toekomtige toegang tot Boskoors geweier word

Hiermee erken ek, _____ (naam & van van kampganger) dat ek vertroud is met bogenoemde reëls en onderneem ek om ten alle tye te poog om daarby te hou en dit uit te voer. Ek aanvaar ook dat indien ek enige van hierdie reëls oortree, ek die gevolge daarvan sal moet dra.

Hiermee erken ek, _____ (naam & van van ouer) dat ek vertroud is met bogenoemde reëls en onderneem ek om toe te sien dat my kind vooraf tuis deur my ingelig is rakende die gevolge van enige oortreding van bogenoemde reëls. Ek aanvaar ook dat indien my kind enige van hierdie reëls oortree het en na genoemde waarskuwings nog nie bereid is om sy/haar gedrag te verander nie, ek my kind by Boskoors sal kom haal en dat ek die volle kampfooie verbeur. Ek aanvaar ook dat indien my kind enige skade aan SA BASS toerusting, meublement of geboue berokken het, ek verantwoordelik sal wees vir die rekening betaalbaar vir sodanige skade.

Geteken te _____ op die _____ dag van _____ 201____.

(Handtekening van kampganger) (Handtekening van Ouer)